NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

BRONMATERIAALBOEKIE
VIR AFDELING B EN AFDELING C

IEB Copyright © 2022

BRON A **Hierdie foto toon die bevelvoerder van 20 SA Brigade, kolonel P. S. Fouché met twee M-46 Russiese artilleriestukke wat deur die SAW afgeneem is tydens die Operasie Hooper-aanval op 21 Brigade in Januarie 1988 (een van die gevegte rondom Cuito Cuanavale). Dit is verkry uit 'n boek genaamd: *Cuito Cuanavale*: *12 Months of War that Transformed a Continent* deur Fred Bridgland. Die fotograaf is onbekend.**

[Beskikbaar by [AANLYN]: Cuito Cuanavale: 12 Months of War that Transformed a Continent by Fred Bridgland (timeslive.co.za)]

BRON B **Hier is 'n uittreksel uit 'n artikel wat in 2009 geskryf is deur Andreas Velthuizen, 'n onafhanklike navorser, genaamd: "Die betekenis van die stryd om Cuito Cuanavale: langtermyn vooruitskouing van die huidige strategiese landskap."**

Dié finale veldslag by Tumpo*, waar die SAW drie tenks in 'n mynveld verloor het, was nadelig* vir die moraal* van die SAW. Die troepe het te veel veldslae geveg en daar was geen aanduiding van verligting nie. Die SAW kon nie daarin slaag om die vyand uit hul bunkers op die oostelike oewer van die Cuitorivier te verdryf nie. Die SAW het nie die offensiewe middele en die doodmaak-instink gehad nie. Die SAW het meer verliese aan toerusting en personeel gely as gewoonlik en het onvoldoende reserwes beskikbaar gehad om die stryd voort te sit. Lugbemanningslede, in helikopters sowel as vegvliegtuie, was uitgeput deur die talle operasies. Die offensief is toe gestaak weens oorwegings soos die kostedoeltreffendheid van die operasie ... Die SAW was ook onder druk van president Botha om die ingryping te beëindig omdat hy nie "nog 'n Viëtnam" wou hê nie.

[Aangepas van: *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies*, Vol 37, Nr 2, 2009. doi: 10.5787/37-2-71 Beskikbaar by: <https://scientiamilitaria.journals.ac.za/pub/article/view/71> Verkry op 14 Januarie 2022]

*Tumpo – Een van die veldslae as deel van die militêre veldtog rondom Cuito Cuanavale in Maart 1988
*nadelig – geneig om skade te veroorsaak
*moraal – die selfvertroue, entoesiasme en dissipline van 'n persoon of groep op 'n spesifieke tydstip

IEB Copyright © 2022

BRON C Hier is 'n uittreksel uit 'n boek oor 'Pik' Botha – Suid-Afrika se minister van buitelandse sake in die 1980's.

… Padraig O Malley* het Pik* uitgevra oor die bewerings dat Cuito 'n geskiedkundige stryd was waar die gety teen Suid-Afrika gedraai het. Daar is gesê dat die Suid-Afrikaners die Kubane op die grond uitgewis het. Maar die Kubane het die oorhand in die lug gehad. Blykbaar kon die Lugmag nie onderdele vir hul vliegtuie kry nie en het gevolglik beheer in die lug verloor, … Die Suid-Afrikaners kon nie vordering maak nie en moes daar ophou. Hy het daardie storie al voorheen gehoor, het Pik geantwoord. "Ek dink dit is meer realisties om dit as 'n poging om aansien te red*, te beskryf – om die Kubane se aansien te red, of so iets. Dit is heeltemal onwaar ..." Teenoor Sue Onslow van die *London School of Economics* het hy dit sterker gestel: "Om eerlik te wees, die idee dat Cuito Cuanavale 'n skitterende oorwinning [vir hulle] was, is 'n grap ..." **(Paragraaf 1)**

… Chester Crocker* se weergawe van die gevegte by Cuito Cuanavale verskil ook hemelsbreed van die een wat deur die Kubane voorgehou is. "Die legende van Cuito Cuanavale was verblydend vir diegene wat graag die mite van Suid-Afrika as onoorwonne* wou vernietig … maar die Suid-Afrikaanse, Angolese en Kubaanse amptenare wat ons bemiddeling in 1988 aanvaar het, het van beter geweet. Hulle was daar …" **(Paragraaf 2)**

… Generaal Geldenhuys het benadruk wie die oorwinnaars was: die SAW en Unita. Loshande. "Die missie van die MPLA, Kubane en Russe was om Jamba te verower. Hulle het nie. Hulle het Jamba nie eens bereik nie. Dis presies wat ons gedoen het; inderdaad nog voordat die aanvallers die eerste hekkie – die Lomborivier – kon oorsteek. As 'n bonus het ons hulle ook teruggedryf tot wes van die Cuito-rivier, met die uitsondering van een afgeleë plek, Tumpo, oos van die rivier. Dit is die onbetwisbare waarheid." Uit die Kubaanse kamp het die hoogs-gedekoreerde generaal Sanchez aan die einde van die Angolese oorlog in 1989 gesê: "Ek is na 'n oorlog gestuur wat reeds verloor was sodat ek vir die nederlaag blameer kon word." … **(Paragraaf 3)**

[Aangepas van: *Pik Botha and his times.* Theresa Papenfus. Litera publikasies. 2010. Bladsy 568–571]

*Padraig O Malley – is 'n Ierse internasionale vredemaker, skrywer en vooraanstaande professor in vrede en versoening aan die Universiteit van Massachusetts, Boston. O'Malley spesialiseer in die probleme van verdeelde samelewings, soos Suid-Afrika en Noord-Ierland.

*Pik – Roelof Frederik "Pik" Botha was 'n Suid-Afrikaanse politikus wat gedurende die apartheidsera 17 jaar lank die land se minister van buitelandse sake was. Botha het die bynaam 'Pik' gekry.

*om aansien te red – iets wat jou reputasie en geloofwaardigheid red.

*Chester Crocker – Chester Arthur Crocker het van 1981 tot 1989 in die Reagan-administrasie as assistent-sekretaris van buitelandse sake vir Afrika-aangeleenthede gedien. In Mei 1988 was hy die hoof van 'n Amerikaanse bemiddelingspan wat onderhandelaars van Angola, Kuba en Suid-Afrika en waarnemers van die Sowjetunie in Londen bymekaar gebring het.

*onoorwonne – te kragtig om verslaan of oorwin te word

BRON D

Die volgende tabel toon militêre verliese in terme van manskappe en militêre toerusting aan albei kante tydens die veldtog in Angola wat geëindig het in die Slag van Cuito Cuanavale, September 1987 tot April 1988. Dit is SAW-syfers wat nie UNITA-ongevalle insluit nie.

Kubaanse-Fapla magte (Skade deur SAW en UNITA aangerig)		**Suid-Afrikaanse Weermag (SAW)[Sluit UNITA ongevalle uit]** (Skade deur Kubane en Fapla aangerig)	
Tenks	94	Tenks	3
Gepantserde troepe en gevegsvoertuie	100	Ratel infanterie vegvoertuie	5
BM 21/BM 14 veelvuldige vuurpyllanseerders	34	Casspirs (mynbestande hinderlaag-beskermde voertuig)	3
TMM mobiele brûe	7	Rinkhals (gepantserde ambulans)	1
Logistieke voertuie	389	Withings (herwinningsvoertuig)	1
Artillerie-, vuurpyl- en missielstelsels	5	Kwêvoël (landmynbestande vragmotor)	1
23 mm lugafweergewere	22	Mirage F1 vegvliegtuie	2
MIG 21/23 gevegsvliegtuie	9	Manskappe tydens optrede gedood	31
Manskappe tydens optrede gedood	4785		

[Aangepas van: *At The Front*: Jannie Geldenhuys. Jonathan Ball Publishers. 2009. Bladsy 240]

BRON E

Op 28 Maart 2018 het die ambassadeur van Kuba in Suid-Afrika, Rodolfo Benítez Verson, die deelnemers aan die "Southern Africa Ministerial Roundtable on the UNESCO/AU Roads to Independence", tydens die 30ste herdenking van die Slag van Cuito Cuanavale, toegespreek.

Teen die begin van November 1987 het die Suid-Afrikaanse gewapende magte die beste Angolese eenhede in die dorpie omsingel en gereed gemaak om hulle uit te wis. Die val van Cuito was op hande*, wat 'n verwoestende slag vir die Angolese regering sou beteken … In daardie konteks het Kuba weereens vinnig reageer op die Angolese regering se oproep om bystand. … **(Paragraaf 1)**

…, uitgesoekte Kubaanse eenhede het tot by Cuito Cuanavale gevorder en 'n dodelike lokval voorberei vir die magtige Suid-Afrikaanse magte wat daarheen opgeruk het. Die doel was nie net om Cuito te verdedig nie, maar om die Suid-Afrikaanse Weermag eens en vir altyd uit Angola te verdryf. Opperbevelvoerder Fidel Castro het later sy strategie aan die leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, kmr.* Joe Slovo, beskryf. Hy het verduidelik dat Kuba die Suid-Afrikaanse aanslag in Cuito sou keer en dan in 'n ander rigting aanval, "soos die bokser wat die opponent met die linkerhand weghou en hom dan met die regterhand bydam". **(Paragraaf 2)**

Op 23 Maart 1988 het die Suid-Afrikaners en die gewapende marionetgroep *Unit for the Total Defence of Angola* (UNITA), ondersteun deur die Verenigde State, hul laaste groot aanval teen Cuito geloods. Maar hulle is beslis deur die revolusionêre magte gestuit. **(Paragraaf 3)**

… Die Apartheidsregime het sy nederlaag in Cuito as 'n taktiese onttrekking probeer voorhou. In daardie tyd het sommige twyfelagtige* skrywers ook probeer om die geskiedenis te herskryf en die belangrikheid van die geveg in Cuito Cuanavale te minimaliseer en selfs te ignoreer. Maar die Afrika-revolusionêre het nooit getwyfel oor wie die stryd gewen het of die belangrikheid daarvan nie. **(Paragraaf 4)**

[Aangepas van: <http://misiones.minrex.gob.cu/en/articulo/ambassador-cuba-speaks-about-cuito-cuanavale> Verkry op 15 Januarie 2022]

* op hande – gebeur baie binnekort
* kmr. – kameraad
* twyfelagtig – van twyfelagtige gehalte

IEB Copyright © 2022

BRON F **Die volgende uittreksel is uit 'n boek van die skrywer Fred Bridgland, genaamd *Cuito Cuanavale: Twelve Months of War that Transformed a Continent.***

Geldenhuys* het ontken dat Cuito Cuanavale ooit 'n doelwit van die … SAW was. "Cuito Cuanavale is deur die Kubane in die kollig geplaas. Ek het eintlik die hoof van die weermag (generaal Kat Liebenberg) verbied om Cuito Cuanavale te beset …" **(Paragraaf 1)**
… Daar was verskeie maniere om te betoog oor wie die oorlog gewen het, het Geldenhuys, wat in 1990 as hoof van die Weermag uitgetree het, gesê. Die beste manier … was om die *aanvanklike* doelwitte van elke kant te bekyk: "Die Kubaanse-Fapla-doelwit was om Mavinga en Jamba te beset. Hulle het dit nie reggekry nie. Ons doel was om te verhoed dat hulle Mavinga en Jamba neem. Ons het daarin geslaag. Die keerpunt was die Lombarivier-veldslae. Dit was 'n ernstige knou vir die moraal, … van die Kubane en Fapla …". "Ons het 'n hele vyandelike brigade* vernietig … Om daardie brigade met minimale Suid-Afrikaanse verliese te vernietig, was merkwaardig. Die Kubane en Fapla moes daarna iets doen om hul moraal te versterk, daarom het hulle die oorlog aan die buitewêreld voorgehou asof dit 'n kwessie was van wie Cuito Cuanavale ingeneem of beset het ..." **(Paragraaf 2)**

[Aangepas van: *Cuito Cuanavale: Twelve Months of War that Transformed a Continent.* Fred Bridgland. Jonathan Ball Publishers. 2017. Bladsy 439-441]

*Jannie Geldenhuys – Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag van 1985 tot 1990
*brigade – 'n groot troepemag (3 000–5 000 troepe)

BRON G **Hier is 'n uittreksel uit 'n aanlynartikel, genaamd: *"Cuito Cuanavale, Angola 25th Anniversary of a Historic African Battle"*, geskryf deur Ronnie Kasrils in 2013 in die *Monthly Review*, 'n onafhanklike sosialistiese tydskrif. Kasrils was 'n aktiewe ANC- en SAKP-lid wat teen die apartheidstelsel gekant was en was 'n aktiewe lid van MK. Hy het ook ná 1994 in verskeie regeringsposte gedien.**

Die Sewende Kongres van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party is in April 1989 in Kuba gehou. Toe Jorge Risquet, een van Fidel Castro se slinksste en mees vertroude kollegas, die afgevaardigdes toegespreek het, is hy met die klinkende woorde "Viva Cuito Cuanavale!" begroet. Vir die … afgevaardigdes, waarvan baie self militêre diens in Angola verrig het waar die *African National Congress* (ANC) militêre opleidingsfasiliteite met vergunning van die regering gehad het, was daar hoegenaamd geen twyfel dat 'n epiese* oorwinning onlangs by die afgeleë dorp Cuito Cuanavale in Angola behaal is nie. Die verloorder was die apartheid militêre masjien in daardie oorloggeteisterde land in Maart 1988 … **(Paragraaf 1)**
In Julie 1987 het verskeie brigades van Angola se militêre mag FAPLA (*People's Armed Forces for the Liberation of Angola*) suidwaarts opgeruk in 'n poging om UNITA te verpletter. Dit is in Oktober opgevolg deur 'n inval van SAW-magte, wat hulp aan UNITA kom verleen het en byna tot 'n ramp gelei het vir die MPLA-regering in Luanda. Maar 'n dramatiese ommekeer het in Maart 1988 gekom nadat bobaas-Kubaanse internasionale magte van Havana tot hul redding gekom het. Teen die einde van die jaar was die bordjies verhang vir die SAW en die Pretoriase apartheidsregime, wat gelei het tot 'n epiese streeksverandering ten gunste van Afrika-bevryding. **(Paragraaf 2)**
Die generaals … van die voormalige SAW probeer steeds voorgee dat hulle 'n oorwinning in Cuito Cuanavale behaal het. Maar die vuurproef* in hierdie voortdurende debat is die uitkoms – die einde van apartheid. Die SAW, wat sedert die land se swaar verworwe onafhanklikheid in 1975 voortdurend invalle in Angola uitgevoer het (en die rede vir die Kubaanse militêre teenwoordigheid in die eerste plek), is gedwing om geheel en al te onttrek. **(Paragraaf 3)**

[Aangepas van: <https://monthlyreview.org/2013/04/01/cuito-cuanavale-angola/> Verkry op 16 Januarie 2022]

*epies – iets wat op groot skaal gedoen word, heldhaftig
*vuurproef – deurslaggewend, baie belangrik

BRON H **Hierdie foto het in *Le Monde diplomatique* verskyn – 'n wêreldbekende stem in joernalistiek wat terugdateer na 1954 (dit was aanvanklik 'n joernaal om diplomate op hoogte te hou van wêreldgebeure). Gebaseer in Parys, onder die sambreel van die Franse dagblad *Le Monde*. Dit toon 'n besette Suid-Afrikaanse tenk by Cuito Cuanavale in 1988. Jeremy Harding was die fotograaf.**

[Beskikbaar by: <https://mondediplo.com/2015/07/09southafrica> Verkry op 17 Januarie 2022]

IEB Copyright © 2022